Dr. A. NOORDTZIJ, *De Boeken der Kronieken opnieuw uit de grondtekst vertaald en verklaard.* Eerste deel, I Kronieken 1–29, Tweede deel II Kronieken 1–36, tweede druk, J. H. Kok, N. V. Kampen, 1957.

Dit is erg jammer dat daar van tyd tot tyd dele van die Korte verklaring der Heilige Schrift verskyn in herdrukke sonder dat daar enige bywerking plaasgevind het. Beide dele van die Kronieke lewer weer bewys daarvan. Die eerste drukke het respektiewelik verskyn in 1937 en 1938, nou ruim twintig jaar gelede en dat nou 'n onveranderde herdruk verskyn! Dat die ondersoek van hierdie boeke nie stilgestaan het in die afgelope twee decennia nie blyk uit die verskillende talryke publikasies regstreeks en sydelings wat hierop lig werp, om maar net te noem die studies van Noth en Gerleman, afgesien van die kommentaar van Rudolph in die serie H.A.T. Die skrywer self sou dit seker ook nie so gewil het nie. Sy studies in hierdie opsig het hy ook bly voortset soos blyk uit 'n publikasie in die Revue Biblique in 1940 n.l. Les intentions du

Chroniste. Dit moet betreur word dat die uitgawe by die verskyning, afgesien van die goeie en blywende daarin, as verouderd aangemerk moet word. Vir studie materiaal deug dit in hierdie tyd nie meer nie.

E. S. MULDER.